Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

Munisipale | Municipal

nuusbrief | newsletter

No. 2 | Mei/May 2010

In this issue

This issue of the Swartland Municipal newsletter focuses on service delivery while keeping you informed on all municipal activities.

Bladsy 1

Glansgeleentheid

Swartland Munisipaliteit gee die pas aan ten opsigte van uitstekende diens aan belastingbetalers met die bekendstelling van die Kliëntedienshandves.

Bladsy 2

Eerste slimkop-verkeerslig

Suid-Afrika se eerste radarstelsel-verkeerslig is by die kruising van Voortrekkerstraat en Bokomoweg in Malmesbury aangebring.

Page 3

Dancing with joy

Swartlanders got in the soccer swing of things with the Diski Dance as they dance in the streets spontaneously, with a little help from the flashmob.

Page 4

Making a difference

The newly elected Swartland Junior Town Council (JTC) is excited about the prospect of making a difference in their community this year.

Swartland Munisipaliteit neem die leiding met Kliëntedienshandves

Swartland Munisipaliteit het 'n standaard van uitnemendheid vir sy belastingbetalers daargestel en het die eerste Kliëntediens-handves vir munisipaliteite opgestel. Hierdie handves is op 31 Maart tydens 'n feesgeleentheid in Swartland Munisipaliteit se Banketsaal in Malmesbury bekendgestel. Onder die eregaste was Anton Bredell, minister van omgewingsake en ontwikkelingsbeplanning, wat voorheen ook Swartland Munisipaliteit se uitvoerende burgemeester was.

Tijmen van Essen, Swartland se huidige uitvoerende burgemeester, het die geleentheid geopen en die gaste verwelkom. Daarna het Joggie Scholtz, Swartland se munisipale bestuurder, die agtergrond, doel en toekoms van die Kliëntedienshandves uiteengesit. Minister Bredell het oor munisipaliteite en dienslewering gesels. Ter afsluiting het Maude Goliath, onderburgermeester, die gaste bedank vir hul ondersteuning en al die belanghebbendes het die Kliëntedienshandves onderteken.

Swartland Munisipaliteit is tot buitengewone diensstandaarde verbind en daarom is die handves in Engels, Afrikaans en isiXhosa gepubliseer. Die diensstandaarde word daarin uiteengesit en belastingbetalers kry toegang tot nuttige kontaknommers vir al die munisipale geriewe in die distrik.

'n Uitgebreide openbare deelnameproses vir belastingbetalers is in elke dorp in die Swartland van stapel gestuur voordat die Kliëntedienshandves opgestel is. Dit is waarlik 'n bewys van die munisipaliteit se verbintenis tot doeltreffende en professionele dienslewering.

Swartland Munisipaliteit is absoluut gerig op die ontwikkeling van gesonde verhoudinge met sy belastingbetalers en die bekendstelling was 'n geleentheid om hul betrokkenheid by suksesvolle munisipale projekte te vier.

Mnr. Scholtz sê: "Ongelukkig is dit so dat daar 'n baie groot gaping bestaan tussen wat dienslewering beoog en die werklike dienste wat in Suid-Afrika gelewer word. Aand na aand sien ons op televisie beelde van ontevrede inwoners dwarsdeur die land wat uit frustrasie protesteer, soms gewelddadig, teen swak dienslewering.

"Swartland Munisipaliteit het reeds in 2008 die uiterste belang van goeie kliëntediens besef en dit het ons aangespoor om 'n tenderproses vir die ontwikkeling van ons Kliëntedienshandves van stapel te stuur."

Hy voeg by dat buitengewone kliëntediens en dienslewering gegrond is op die suksesvolle inwerkingstelling van visie, voorneme en hulpbronne.

"Swartland Munisipaliteit het die visie gehad om al vir baie jare uitstaande diens te lewer," sê mnr. Scholtz.

"Ons het ook die hulpbronne om diens van die hoogste gehalte te lewer. Ons het die mense en die infrastruktuur. Ek wil dit onomwonde stel dat ten opsigte van voorneme Swartland Munisipaliteit 'n leier onder munisipaliteite is."

'n Naburige munisipaliteit het alreeds Swartland se tenderproses nagevolg vir die ontwikkeling van sy eie Kliëntedienshandves. Na verwagting sal ander munisipaliteite landwyd ook hierdie voorbeeld volg.

"Ons is baie trots op ons Kliëntedienshandves en opgewonde oor die moontlikheid om selfs beter dienste in die toekoms te lewer. Terselfdertyd is ons ook realisties nederig oor die uitdagings wat ons in die gesig staar, en ons is ook terdeë bewus van die eise wat aan ons gestel word."

By die bekendstelling van Swarland Munisipaliteit se Kliëntediensshandves: Tijmen van Essen, min. Anton Bredell en Joggie Scholtz

Van die redakteur
From the editor

Swartland Munisipaliteit monitor dienslewering voortdurend

Swartland Munisipaliteit is trots daarop om die eerste munisipaliteit in die land te wees wat 'n stel diensstandaarde ontwikkel het waaraan dienslewering gemeet kan word. Hierdie standaarde vorm deel van ons Kliëntediens-handves wat onlangs bekend gestel is. Dit is ook deel van ons personeel se prestasie-evaluering.

Die munisipaliteit wil belastingbetalers se tevredenheid met dienste evalueer. Daarom is Ekko, die spesialiskonsultante wat die Kliëntediens-handves ontwikkel het, reeds besig om verskillende evalueringsmodelle in samewerking met Swartland Munisipaliteit te toets.

Dienslewering sal uiteindelik op 'n maandelikse grondslag geëvalueer word en die munisipaliteit sal resultate op 'n sigbare wyse aan die publiek kommunikeer. Ons is dus trots om die eerste uitgawe van ons nuut-ontwerpte nuusbrief, 'n voorbeeld van so 'n kommunikasiemiddel, aan u te lewer. Die nuusbrief sal steeds soos voorheen kwartaalliks versprei word.

Hierdie uitgawe bied u 'n kykie op die bekendstelling van die Kliëntediens-handves en skenk ook aandag aan verskeie diensleweringkwessies. Verder stel die nuusbrief die nuwe Junior Stadsraad bekend en gee aan u 'n idee van die projekte wat hulle vir dié jaar beplan.

Ons hoop u lees lekker en besoek ook gerus www.swartland.org.za vir meer inligting.

Tot volgende keer!

Please maintain graves

The grave of a loved one is a hallowed space for friends and family. It is often a place where people find solace and peace. Therefore, we respectfully request that families tend to the grave sites of their deceased family members. Please ensure that these sites are treated with the dignity and respect associated with their memories.

Slimkop-robot

'n Unieke, nuwe verkeerslig is onlangs by die kruising van Bokomoweg en Voortrekkerstraat in Malmesbury opgerig. Volgens Louis Zikmann van Swartland Munisipaliteit gebruik die verkeerslig 'n radarstelsel in plaas van normale lusse wat in die padoppervlak gesny word. Hy verduidelik dat die radarstelsel die verkeerslig betroubaarder maak. "Bokomoweg en Voortrekkerstraat dra 'n swaar verkeerslas en dit, tesame met 'n swak padfondasie, veroorsaak dat die drade van die lusse in die padoppervlak afbreek."

Mnr. Zikmann voeg by dat hierdie 'n algemene probleem by kruisings met 'n swaar verkeerslas is. Daar is tans net een verkeerslig van dié aard in die land, naamlik 'n toetseenheid by 'n kruising in Durban. Malmesbury-motoriste ondervind dalk tans opeenhopings by die verkeerslig as gevolg van sekere toetse en verkeerstellings wat steeds gedoen word om die optimale verstelling van die verskillende fases en siklusse van die verkeerslig te verkry. Ons kan u egter verseker dat hierdie verstellings eersdaags reggestel sal wees. Ons vra asseblief u geduld tydens die toetstydperk!

Hond se gedagtes

Swartland Munisipaliteit rig 'n versoek aan alle Swartlanders om te sorg dat hul troeteldiere veilig gehou word. Die Raad se verordening insake die aanhou van honde is baie duidelik. Artikel 9 lees as volg: "Niemand mag 'n hond aanhou indien die perseel waarop die hond aangehou word nie behoorlik en voldoende omhein is om sodanige hond binne te hou wanneer dit nie aan 'n leiband is nie."

Moorreesburg-inwoners ondervind op die oomblik probleme met honde wat alleen op straat rondloop, deur oop hekke hardloop of oor lae mure spring en voetgangers aanval. In sommige gevalle val hierdie honde ook ander honde aan wanneer hul eienaars met hulle aan halsbande gaan stap. Swartland Munisipaliteit maan u dus om verantwoordelikheid vir u honde te aanvaar om sodoende ernstige ongelukke en beserings te verhoed.

Kragonderbreking in Oktober

Swartland Munisipaliteit vestig u aandag op 'n beplande Eskom-kragonderbreking in Malmesbury vir die hele dag op Sondag 17 Oktober 2010. Hierdie kragonderbrekings vind ongeveer elke drie jaar plaas vir instandhouding. Bring asseblief hierdie datum in u dagboek aan en tref u reëlings dienooreenkomstig.

Kufunwa abasebenzi abangenabungcali

UMasipala wase-Swartland uhlaba ikhwelo lokuba nenze izicelo zezikhundla somsebenzi nje ongenabungcali (isalathisi sesicelo DB 1/10).

Isicelo sakho siya kugcinwa kuvimba weenkcukacha zabantu abafuna umsebenzi isithuba seenyanga ezintandathu. Ngeli xesha, uMasipala wase-Swartland uya kusebenzisa abantu abanamagama adweliswe kulo vimba weenkcukacha kumasebe ohlukeneyo njengoko kula masebe kufunwa abasebenzi nje abangenabungcali.

Uya kuba ngumgqatswa ofanelekileyo ukuba usempilweni ngokomzimba, unesazisi esisemthethweni yaye akunambali yolwaphulo-mthetho. Kwisicelo sakho kuyimfuneko ukuba ubandakanye oku kulandelayo ukuze siqwalaselwe:

- Ikopi eqinisekisiweyo yeSazisi sakho okanye iphepha-mvume lokuqhuba;
- Uxwebhu lwesicelo olugcwalisiweyo, kunye
- Nesihloko somsebenzi (umsebenzi ongenabungcali) kunye nenombolo yesalathisi (DB 1/10) yesi sikhundla.

Amaxwebhu esicelo ayafumaneka kwii-ofisi zikamasipala kuMasipala wase-Swartland yaye makangeniswe buqu kwiCandelo leeNkonzo zoNcedo lwezaBasebenzi kwi-ofisi yomasipala wakho. Kananjalo uvumelekile ukuba uthumele isicelo sakho ngeposi kule dilesi: Private Bag X52, Malmesbury, 7299.

Abafaki-zicelo abathi bazicengele izikhundla kooceba okanye kumagosa kamasipala baya kuthintelwa ukuba bafake izicelo.

Abafaki-zicelo abanee-akhawunti zikamasipala ezisemva ngentlawulo abasayi kuqwalaselwa ngaphandle kokuba bayinxalenye yeprojekthi ejongene nokwabelana ngobulungisa.

- Umhla wokuvalwa kokwamkelwa kwezicelo: 9 Julayi 2010.

[Hierdie is 'n advertensie vir **algemene werkers**. (Verwysing: DB 1/10) Die ideale kandidate woon in die Raadsgebied, is fisiek gesond en sterk, is in besit van 'n geldige identiteitsdokument, en het geen kriminele rekord nie. Raadpleeg asb. die munisipale kennisgewingborde vir meer inligting.

- Sluitingsdatum vir aansoeke: 9 Julie 2010.]

Leerders gaan op Engelse uitstappie

Tasse gepak: Die gelukkige leerders wat Malmesbury, Engeland, besoek het, is van links na regs Kayla Oliver, Mampho Qametsi, Abachia Adonis, Phumza Bhidiyani, Lucinda Saul, Evangeline Croy en Gcobani Zathu.

Helpende hand: Clerise du Plessis (regs), van Swartland Munisipaliteit het die groep leerders vergesel.

Ses leerders van Malmesbury het hul tasse gepak en hul gesinne totsiens gewuif toe hulle op 'n vliegtuig geklim het vir Engelse tee, botterbroodjies en aarbeikonfyt! Die groepie het 'n opwindende besoek by hul Malmesbury-vriende in Engeland gaan aflê en het weer op Sondag 24 Mei veilig teruggekeer huis toe.

Leerders van Malmesbury (Suid-Afrika) rig jaarliks 'n uitnodiging aan leerders van die Malmesbury-skool in Engeland om hulle te vergesel na die twee-weeklange Sondeza-leierskapskamp. Die Engelse leerders het dus besluit om 'n soortgelyke uitnodiging aan hul Suid-Afrikaanse vriende te rig.

Dit is reeds die derde keer dat Swartland Munisipaliteit en Malmesbury-skool, Engeland, dié jaarlikse projek aanbied. Die grootste deel van die projek word deur Malmesbury-skool, Engeland, befonds. Swartland Munisipaliteit betaal die kinders se versekering en die ouers en kinders het ook baie tyd aan fondsinsameling bestee. Dié geld is aangewend vir sweetpakke, 'n gedeelte van die visums en sakgeld.

Kayla Oliver, Mampho Qametsi, Abachia Adonis, Phumza Bhidiyani, Lucinda Saul en Evangeline Croy is gekies vir die projek op grond van hul uitstekende leierseienskappe asook sosio-ekonomiese omstandighede. Engeland wil juis 'n geleentheid skep vir kinders wie so ouers nie vermoënd is nie om dit te kan doen. Gcobani Zathu was gelukkig om vir 'n tweede keer uitgenooi te word as persoonlike gas van een van die organiseerders in Engeland. Hy was verantwoordelik vir die maak van 'n video oor die projek.

Die groep het tydens hul kuier die geleentheid gehad om 'n program oor Suid-Afrika en Suid-Afrikaanse kultuur aan te bied. Clerise du Plessis, van Swartland Munisipaliteit, was verantwoordelik vir die voorbereiding van dié program waaraan die groep reeds sedert Februarie geoefen het. Carmen Bocks, onderwyseres van Schoonspruit Sekondêr, was ook saam om te help met toesig oor die kinders. Die kinders het ook op verskeie opvoedkundige uitstappies, onder meer na Londen, gegaan.

Swartlanders dance with joy

Walking down the street you suddenly heard a catchy tune coming from nowhere and a small group of youngsters started to dance. You could not help but smile at their enthusiastic dance moves. Soon a crowd started gathering and you were amazed to see how many bystanders joined in one by one. You felt the rhythm, your hips started swaying and before you knew it you were part of the Diski Dance and experiencing your very first Swartland flashmob!

On 1 May, during the 2010 Olive Festival, a group of young Swartlanders performed a flashmob in front of the Riebeek Hotel. A flashmob is an event during which a group of people perform a carefully rehearsed dance routine in a public space but makes it seem like a spontaneous occurrence. A small group would start the dance routine while other dancers pretend to be bystanders. As the dance continues, groups from all sides join in, in an effort to get actual bystanders to also join in.

Although the dance seemed like a spontaneous event, it took hours of rehearsing and, says Marguerite Holtzhausen, Senior Community Developer: Department of Development at Swartland Municipality, the youngsters were committed to making a huge success of Swartland's first ever flashmob.

To fit in with Soccer World Cup fever, the group decided to use the popular Diski Dance. Swartland's very own Hip Hop champion, Tatum Tippens, adjusted the Diski Dance to fit the dance style of the Valley Children. Tatum also helped the group to rehearse. Swartland Municipality initiated and co-ordinated the event. They could not achieve success in developing the children's talent and making them part of the annual Olive Festival without the help of all the schools in the Valley and committed community members such as Dirk Otten who produced the video.

Swartlanders never need an excuse to dance with joy so watch out for the next flashmob in your town. You can also sneak a peek at the first flashmob by searching the words "flashmob" and "Riebeek Valley" on www.youtube.com.

Don't tamper with electricity meters

Swartland Municipality has identified increased incidents of tampering with electricity meters. It seems that these meters are then damaged to such an extent that they cannot register electricity consumption. Electricity accounts are currently being investigated for irregular electricity consumption and an electricity inspector is checking connections and meters.

Please note that it is very dangerous to tamper with electricity meters. The unlawful use of electricity can cause shorts, fires, power outages and lethal electrical shock. It is also unlawful if electricity meters are not sealed and therefore all electricity meters in houses must be sealed. If your meter is not sealed please contact your nearest municipal office as soon as possible. You can also arrange with Belinda Marais on (022) 487 9400 extension 2937 to have your meter sealed.

Please note that you can be fined R500 if your meter is not sealed when the electricity inspector visits your house. An additional levy of R2 600 can be charged if your electricity meter cannot register electricity consumption due to tampering.

Your electricity services will then be disconnected until the full outstanding amount, fines and levy due to tampering have been settled on your municipal account. Please note that the reconnection or installation of your electricity services which have been disconnected due to tampering can be done only on Mondays to Thursdays between 08:00 and 15:30 and on Fridays between 08:00 and 14:00.

Swartlanders are encouraged to report the unlawful consumption of electricity (electricity theft) to Belinda Marais on (022) 487 9400 extension 2937. The details of the complainant will be treated confidentially.

We will make a difference

Others can't always guarantee a bright future for you, says Swartland Junior Mayor Lize Spies, from Swartland High School, but the Junior Town Council (JTC) wants to equip the youth with the necessary skills to ensure a bright future for themselves.

Lize follows in Devonne Pharaoh's, also from Swartland High School, footsteps as Junior Mayor after she served a one year term as Junior Deputy Mayor. Nelmaré Louwrens, from Dirkie Uys High School, was chosen as Junior Deputy Mayor for 2010.

The Swartland JTC comprises two grade 10 and two grade 11 learners from each of the secondary schools in the Swartland. Elections are held at the schools in February each year to appoint new grade 10 learners to the Council and Council members appoint a Junior Deputy Mayor at the inauguration function which is held after the annual "Bosberaad" camp. The Junior Deputy Mayor automatically steps in as Junior Mayor at the end of their term.

Taking the lead

Lize, whose grandfather and great-grandfather both held the position of Swartland Mayor, says she sees the JTC as an opportunity to make a difference. "The JTC was introduced to our Grade 10 class and I thought: 'Why not?'."

She says her year as Junior Deputy Mayor was very exciting and that she learned a lot from Devonne. "He is a textbook example of what it means to respect other people. I look up to him and I think he is a wonderful person. Everyone reacts positively to his mature behaviour and they respect him so much."

Fond farewell

Devonne is the eldest of two children and describes himself as very friendly and easy to talk to. His advice to Lize for her year as Junior Mayor is to always value the opinion and ideas of her Council and to work together as a team. "It really helps to get to know Council members and build relationships with them. Find out what their interests are; you can always rely on them for help.

"Being the Junior Mayor was the ideal way for me to develop my leadership skills," says Devonne, adding that he has learned a lot from the experience and finds it much easier to speak in public now. He is currently completing his matric year as head prefect and plans to enrol for a BSc in Physiotherapy at Stellenbosch University next year. He is also fascinated by the way the human mind works and even considered a career in psychiatry.

Devonne isn't scared of having a lot on his plate; he is a member of the United Council of Learners, plays both rugby and tennis and sings in the choir, to name but a few of his activities. He says his year as Junior Mayor taught him how to maintain a healthy balance in life. "I always enjoyed a lot of support from family, friends and Council members. I just tried to remain true to my character and trusted my fellow Council members and I can advise the new Councillors to do the same."

A fresh start

This is advice which Junior Deputy Mayor Nelmaré Louwrens is taking to heart. She describes herself as someone with a strong personality and says she believes she brings a unique energy and positivity to the Council, just as each member brings something important to the group.

"When I first heard about the JTC, it sparked my interest and I wanted to find out how I could make a difference in my community," says Nelmaré. "After being chosen as a Council member, I had to make a speech at the inauguration function indicating why I should be Junior Deputy Mayor. When I heard that I was chosen for the position, I was ecstatic but also a little apprehensive. However, now that I have a clear understanding of my responsibilities, I'm not scared anymore."

Nelmaré is the youngest of four children and apart from serving on the Council, she also takes part in sports and cultural activities as well as various activities at her hostel. She says: "Being the Junior Deputy Mayor is a huge honour for me and I am so happy that I have this opportunity. I want to make a difference in someone's life, whether it is someone less fortunate than me or someone who needs help with schoolwork."

The sky is the limit

This might sound like a lot of responsibility to most young people but Lize says she is ready for any challenge the year might hold. "The night that I was inaugurated as Junior Mayor was a lot of fun and very exciting but I realised, as I was reading the oath, that the hard work had started. I try to lead a balanced life and I'm not scared of hard work."

Lize is the eldest of two children and says she enjoys reading, singing and spending time with her friends in her spare time. At school she plays hockey, serves on the editorial staff of the school newspaper, is part of the debate team and sings in the choir.

Lize says she understands that what she does will make a difference to the Swartland community. "People care about what I do and I will do it to the best of my ability. I don't want to disappoint anyone and I want to show the youth that they too can make a difference."

- Visit www.swartland.org.za to read more about the JTC.

Leading the way: Swartland Junior Mayor Lize Spies (right) and Junior Deputy Mayor Nelmaré Louwrens (middle) take the reins from Devonne Pharaoh (left), 2009 Junior Mayor, to lead the Swartland youth this year.

Contact us

Swartland Municipality's head offices are located in Church Street, Malmesbury. Our office hours are:

Mondays to Thursdays:

8:00 - 13:00, 13:45 - 17:00

Fridays:

8:00 - 13:00, 13:45 - 15:45

Visit us or direct all enquiries through one of the following channels:

Postal address:
Private Bag X52,
Malmesbury 7299

Tel: 022 487 9400

Fax: 022 487 9440

E-mail: swartlandmun@swartland.org.za

Other useful contacts

Emergencies during office hours:
022 487 9400

Emergencies after hours: 022 487 6479

Ombudsman: ombudsman@swartland.org.za
or 022 487 9448

Swartland Tourism: 022 487 2989 or
swartland@cornergate.com